

Maandag 18 Augustus

**Skrifgedeelte: Jesaja 11:1-10**

**Fokusgedeelte; Jesaja 11:1**

**'n Oorblyfsel bring 'n sprankie van hoop op nuwe lewe**

Die beeld van die verslane Assiriërs as 'n bos wat heeltemal verwoes en vernietig is (Jes. 10), word deur die profeet nou oorgedra na Juda wat met die ballingskap as 'n afgekapte boom, net 'n stomp wat oorbly, beskryf word.

Dit alles gebeur onder God se beheer, want Hy regeer. En hieruit blyk dat die oordeel oor Juda nie die einde van God se verhouding met sy volk is nie. Hiermee hoor ons 'n lofsang oor die nuwe Vrederyk van die Messias soos dit voorgestel word met hierdie takkie as simbool van die nuwe lewe uit die geslag van Dawid, die seun van Isai.

Die lofsang bou op na die hoogtepunt as die profeet die Goddelike toerusting deur die Heilige Gees beskryf, soos dit op koning Dawid sal neerkom (1 Sam. 16:13; 2 Sam. 23:2), naamlik wysheid en insig, raad en sterkte, kennis as fondament vir die regte besluitneming en die belangrikste, naamlik 'n lewende verhouding met die Here. Hierdie eienskappe word in volmaaktheid ook op die tweede Dawid oorgedra om die Messiaskoning aan te kondig. Daardeur sal Hy in elke opsig in geregtigheid regeer omdat Hy betroubaar en regverdig is.

Verder word die radikale vernuwing beskryf met die teenoorgesteldes, hierdie keer vanuit die dierelwe, wat die volmaakte Vrederyk soos deur hierdie nuwe koning tot stand gebring sal word. 'n Heerskappy wat gekenmerk word deur volkome harmonie en vrede. Wanneer die tyd reg is, as die Messiaskoning soos 'n baken uitstyg wat as vaandel sal dien vir alle ware gelowiges om om Hom te versamel soos die krygers van ouds. Ons word deur Hom gebring by die punt om nie teen die stukkende en deur sonde verwoeste wêreld vas te kyk nie, maar om ons oë op te rig en reeds die radikale, herskepte wêreld deur Christus te bemerk.

*Sing: Skrifberyming 14-1:2, 3  
Ds. JE (Blok) Franck (Emeritus)*